

## DIE GOUE REËL

Alex en Eri Verwey is getroud in 2008 en verrig nou 'n belangrike deel van die werk by Japansending. Hierdie is 'n merkwaardige storie van hoe Eri se begeerte om Engels te leer 'n verneme rol gespeel het in haar redding.

Eri is in 1984 gebore in 'n tipiese Japannese gesin naby die stad Kyoto. Haar ouers en grootouers het haar en haar jonger suster geleer om tot die geeste van hulle voorouers te bid en die afgode te respekteer deur te aanbied by die plaaslike altaar.

Terwyl Eri opgegroeï en gespeel het op die platteland van Kyoto, het sy gesukkel om te voldoen aan die mense se verwagtinge en was sy altyd vreesbevange dat sy gespot gaan word by die skool. Wanneer haar skoolmaats haar kwaad gemaak het, het sy gefrustreerd geraak en dit dan op haar suster uitgehaal.

“Een nag, terwyl ek in die middelbare skool was, was ek so ontugter dat ek my pols gesny het,” het Eri gedeel. “My vriende het my verwerp. Ek het seergemaak en miserabel gevoel, en het begin vrae vra oor die sin van die lewe.



Alex & Eri Verwey

### Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY

7-40 MONZEN CHO Posbus 30106  
 IKOMA CITY, NARA KEN WONDERBOOMPOORT 0033  
 630-0266, JAPAN Tel: (012)377-1533  
 Tel: 0081-743731754 083 719 0227  
 Faks: 0081-743731681 Faks: (012)377-1533  
 www.japanmission.org sa@japanmission.org  
 www.facebook.com/japanmission.jm/

Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org

Wat gaan met my gebeur wanneer ek sterf? het in my gedagtes opgekóm, terwyl ek kyk na die bloed wat van my hand afdrup. Die besef dat ek nie 'n antwoord op daardie vraag het nie, het my skielik baie bang gemaak vir die dood! Ek het na my moeder geroep en sy het in aller yl met my na 'n nabygeleë hospitaal gehaas.

'n Rukkie later het daar 'n keerpunt in my lewe gekóm, terwyl ek in 'n bus gery het. 'n Vriendelike Engelssprekende gesin het agter my gesit. Ek was nuuskierig oor buitelanders en wou meer leer van hulle lewe en kultuur, derhalwe het ek gehoop hulle wou met my praat.

Ek het 'n stem agter my hoor sê: 'Hi!' Ek het omgedraai en senuweeagtig gesê: 'Hi!' Ek was erg verleë toe ek besef dat die buitelander besig was om te praat op sy selfoon!

Hy was net so verras oor my reaksie en het na die tyd met my begin praat en my uitgenooi om Engels te kom leer by sy kerk.

Die mense by sy kerk was baie vriendelik en het my hartlik verwelkom. Ek het elke week na die Engelse klas 'n ander boodskap uit die Bybel gehoor.

Soos ek begin leer het oor die Christendom, het ek besef ek kan my nie vereenselwig met wat hulle geleer het nie. Ek het besef dat as ek 'n Christen word, sal ek my onafhanklike lewenswyse moet opgee en sal ek nie aan die verwagtinge van my familie voldoen nie.

Ek was gedetermineerd om nie 'n Christen te word nie, dus het ek probeer om gedurende die Bybelboodskappe te slaap.

Soos wat my Engels verbeter het, het ek opgemerk dat hierdie Christene iets het wat ek begeer het. Dit het gelyk of hulle vrede het en verseker is dat God hulle sou help wanneer hulle met probleme in hulle lewe te doen sou kry.

Ek het die storie van Jesus verstaan wat aan die kruis gesterf het en sy bloed vir my sondes gestort het, maar ek het gesukkel om in die opstanding te glo.

Terwyl ek na antwoorde gesoek het en verskeie probleme in die gesig gestaar het, het ek begin bid tot die Here Jesus en ervaar dat my gebede verhoor word!

Dit het my laat besef dat Jesus lewe, en dat die opstanding werklik 'n historiese gebeurtenis is. Ek het toe my sondes bely en Jesus gevra om my Here en Redder te word.

**As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word** (Romeine 10:9).

Terwyl God in my hart gewerk het, was ek daartoe verbind om God se liefde aan my familie te wys en die

goue reël van Christus uit te leef. **Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen** (Matteus 7:12).

Ek het besef hoe baie God my hart verander het sedert ek 'n Christen geword het toe my ongeredde suster vir my 'n brief en 'n geskenk gegee het, al was dit nie my verjaarsdag nie!

Sy het geskryf: *Liewe Eri, ek het gedink jy is die persoon wat ek die meeste gehaat het, maar jy het verander en wys nou ware besorgdheid oor my. My gevoelens het verander van haat na liefde vir jou!*

Terwyl Eri gegroeï het in haar geloof in die Here en klaargemaak het met hoëskool, het God haar gelei om na die Kyoto Internasionale Universiteit (KIU) te gaan, wat 'n Christenuniversiteit is.

Toe sy 19 was, is haar geloof erg getoets toe haar ma gediagnoseer is met kanker en kort daarna gesterf het. Sy het geworstel met die gedagte dat haar ma dood is sonder om ooit die kans te gehad het om haar lewe aan die Here te gee, en het sy gevoel op 'n manier was sy te blameer daarvoor.

Sy het by KIU Alex vir die eerste keer ontmoet en hy kon saam met haar bid en haar help, terwyl sy baie uitdagings in die gesig gestaar het met 'n familie wat vasgevang was in afgodery.

Een nag, terwyl ek tyd deurgebring het by my grootouers, het my oupa my gevra, 'Hoe oud is jy nou?'

“Ek is 23,” het ek geantwoord.

Ek sien, het hy gesê, terwyl hy 'n stukkie papier teen my arm gevryf het.

Die kamer was 'n bietjie donker en ek kon nie uitmaak wat hy besig was om te doen nie. ‘Wat doen u?’ het ek gevra, terwyl ek na die stukkie papier gewys het.

‘Dit is 'n gelukbringer vir jou van die Uzigami familiegod,’ het hy verduidelik. ‘Hy sal jou beskerm van siekte en seerkry. Ek het net jou naam en ouderdom nodig om hierdie gelukbringer geldig te maak.’

Ek was baie ontsteld. ‘Ek het nie daardie soort beskerming nodig nie,’ het ek gereageer. ‘U betrek my in afgodery en ek wil niks daarmee te doen hê nie!’

Ons het oor en weer geargumenteer, maar ek het later besef dat ek baie meer respek in my houding en woorde moes getoon het. Hy was geaffronteer oor my verontwaardiging en het gevra dat ek moet loop. Hy het gevoel dat ek onbeskof sy goeiehartige besorgdheid verwerp het.

Ek het as gevolg van hierdie insident besef hoe erg my grootouers vasgevang was in die duisternis en watter diep verhouding hulle met die geesteswêreld het.

Ek het geweet ek kan my nie versoen met afgodery nie, maar ook dat ek hom 'n verskoning verskuldig is. ‘Ek wil

## DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"

- Bybels en Leesstof
- Oudiovisuele Uitreiking
- Studente Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Bejaardes Uitreiking
- Engelse Evangelisasie
- Evangelisasie Byeenkoms

**ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.

■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.

Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se **NAAM en TELEFOONNOMMER** duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debitorder of Internet oorbetalings verskyn.

■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:

**STANDARD BANK:-** 1/7/2019, 2/7 Bybels vir Sjina, 2/7, 3/7, 10/7, 16/7, 22/7, 30/7, 31/7.

**ABSA BANK:-** 1/7, 2/7 NLM, 4/7 Queenswood Bybels, 10/7, 12/7, 16/7, 18/7, 26/7, 29/7 Bybels, 30/7, 31/7, 1/8, 2/8 NLM, 6/8, 12/8, 13/8, 16/8, 26/8, 28/8 Bybels, 30/8, 31/8/2019.

■ Tjeks kan aan **JAPANSENDING** betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, lieve vriende. Mag die Here u seën.

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**

**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**

**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

**JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033**  
**Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org**

(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08

verskoning vra omdat ek so onbeskof met u was gisteraand,' het ek vir hom gesê, terwyl hy sy kar gewas het.

'Jy kan my help om die kar te was', het hy geantwoord. Toe het sy somber gesig verander in 'n glimlag en het ek geweet ek is vergewe.

Na ons die kar gewas het, het hy my genooi om na sy tuin toe te gaan om groente te gaan pluk. Ek wil die groente met jou deel,' het hy gesê.

Na ons die kar gewas het, het hy my genooi om na sy tuin toe te gaan om groente te gaan pluk. 'Ek wil die groente met jou deel,' het hy gesê.

Nadat Eri gegradeer het met 'n graad in Internasionale Betrekkinge, het die Here Alex en Eri gelei om te trou op 21 Julie 2008. Hulle het toe na Kalifornië verhuis, waar sy gewerk en gestudeer het in Christelike berading.

Gedurende 2010 het Eri se grootvader baie ernstig siek geword. Hulle het toe beide na Japan gekom vir 'n kort besoek waar die Here hulle 'n wonderlike geleentheid gegee het om hom te besoek en saam met hom te bid.

"Die Sondag het ons besluit om nie kerk toe te gaan nie, maar die kerk na Oupa te bring," het Alex gedeel. "Ons het 'n wonderlike tyd van gemeenskap gehad, terwyl ons gebid, psalms gesing en die Woord saam met hom gelees het!" Alhoewel hy op sy sterfbed was en soms deurmekaar was, het dit geblyk dat die Here in sy hart gewerk het. Eri se grootvader is oorlede 'n paar weke nadat Alex en Eri moes terugkeer na die VSA.

**Bid asseblief** vir die redding van Eri se vader. Hy lees die Bybel en het reeds stappe geneem om hom los te maak van Boeddhisme en die plaaslike heiligdom. Hy woon nou die kerk gereeld by, maar het nog nie die Here Jesus gevra om sy Redder en Here te wees nie.

## PERSONEELOPDATERING - ALEX EN ERI VERWEY

Nadat hulle hulle studies voltooi het, het Alex en Eri teruggekeer na Japan en het Eri deelyds begin werk by Japansending.

Hulle eerste kind, *William*, is gebore in Julie 2012. Neil was oorstelp van vreugde om vir die eerste keer 'n oupagrootjie te word. Alex en Eri het hom grootliks ondersteun terwyl hy aan kanker gely het. Hy is op 5 Augustus 2013 oorlede.

Die Here het hierdie situasie gebruik om tot hulle harte te spreek en so het Alex en Eri besluit om vanaf September 2013 as voltydse werkers by Japansending aan te sluit.

Die Here het Alex en Eri later geseën met nog twee kinders, *Joseph*, gebore in Augustus 2014, en 'n dogtertjie, *Naoko*, gebore in Julie 2017. Joey is nou in die kleuterskool en Will in die laerskool.

Die Here het baie bedieningsgeleenthede vir Alex en Eri oopgemaak deur hulle kinders. Toe die kinders vir Will in die kleuterskool leer ken, het hulle ouers gevra of ons hulle Engels sal leer. Dit was die begin van die Kinderklubbediening. Baie kinders en ouers het ons dikwels begin besoek en het so die evangelie vir die eerste keer gehoor.

Toe die kinders by Will se skool hom leer ken het, het hulle ook gevra dat ons hulle Engels sal leer; derhalwe het ons 'n naskoolse program begin, waar ons in staat was om God se liefde elke week met laerskoolkinders te deel.

**Bid asseblief** vir Eri aangesien die Here voortgaan om vir haar unieke geleentheid te gee om mense van verskeie werkkringe te beïnvloed. Die Here het haar bediening aan families geseën, en sy het met blydskap hulle aan 'n hele aantal plaaslike kerke bekend gestel. Sy het ook 'n gebedsgroep vir jong Christelike moeders wat gebed en bemoediging nodig het. **Bid** vir wysheid en onderskeiding terwyl Eri raad gee aan baie.



Alex & Eri Verwey with Nao (2), Will (7) & Joey (5)